

Oor Kuns LEEF VINNIGER TYDGENOTE...

ONS ry en vlieg deesdae „fantasies" vinnig. Hekom kan ons dan nie ook vinniger lees nie? Ja, dink net daaraan hoe die spuitaangedrewe motore ons al hoe vinniger deur die wêreld laat jaag en haas. Maar kyk aan die anderkant hoe sukkel dan veral ons studente met veel moeite deur al die voorgeskrewe boeke. Van wie kan 'n mens dan nog verwag om tyd te hê, sê maar vir 'n boek uit ons pragtige literatuurskat. Ag nee wat, as ek in die aand met my leergoed klaar is dan het ek nie nog tyd vir sulke „langhaarkunstenaarboeke" (sien die „Burger" se lesermening daaromtrent) nie.

Maar wag, ek sien die Amerikaners, wie dan anderster? het ook hiervoor 'n oplossing. Hulle het spesiaal 'n kollege laat oprig waar 'n mens vinniger kan leer lees. Maar wat dan van begryp? Hulle sê dit is deesdae nie meer die onmiddellike doel van die studente nie en dus nie nou ter sprake nie. Interessant is nogal hierdie kollege se metodes waarby ons nou 'n oomblikkie wil stilstaan. Hier word studente naamlik geleer hoe om deur streng wetenskaplike metodes daaglik vinniger te kan lees. Stophorlosies tik gedurig en die literatuur spoedmeter-naald styg met verloop van die lesse al hoe hoër. Dit vat dus gladnie lank nie (die kollege gee hiervoor 'n lewenslange waarborg) en die student kan na 'n paar lesse 'n gedig van Goethe binne drie sekondes lees waar hy vroeër dertig sekondes nodig gehad het. Die nou alreeds geoefende en gekondenseerde leesvermoë van die student laat die ganse inhoud van 'n lang gedig dadelik tot 'n ekstrak van sê maar 2-3 reëls krimp. Voorbeeld: Jan Celliers se „Ossewa": „Stomme osse trek knaend in bloedige hitte 'n wa. Bereik doel en vrek." Of vat Goethe se gedig van die heiderosie: „Rosie teensinnig afgebreek. Vandaal onbekend."

As dit met die lees so gebeur hoe is dit dan met die musiek gesteld? Klassieke musiek? Baie mooi, maar te lank, veels te lank. Dit is niks vir die hedendaagse moderne mens nie. Maar moet 'n mens dan nou afsien van die groot meester se werke? A nee al! „The Listener's Digest," al weer in Amerika, het 'n praktiese oplossing probeer vind. Hulle behandel byvoorbeeld Mozart se musiek soos 'n lekker skaapboud. Die vleis word na smaak voorberei en net die bene bly oor. Dis nou al wat byvoorbeeld van 'n simfonie oorby. Hierdie bene d.w.s. afgestroopte en afgewaterde musiekstukke of simfonieë word nou bymekaar gegooi en na gelang van smaak inmeekaar gevoeg. En sien nou daar, klaar is al weer 'n plaat! Mengelmoes en tog te pragtig. Ek hoor dan nou 'n paar simfonieë binne twintig minute waar dit vroeër ure geneem het.

Wat nou sê die beroemde professor I. K. Donkey hiervan? Laat ons hoor: „Die huidige mens ly onder sy inkonsekwensie. Sy strew om alles vinniger te doen, het hom die een terminus na die ander laat verower. Tydstande het al hoe meer gekrimp. Tegelykertyd probeer hy egter om sy lewe te verleng. Hoe pas dit nou in sy teorie? Alles moet korter word, maar die lewensduur van die mens nie. Dit rym mos nie. Dit is 'n ondraaglike toestand van sake, want ook die lewe is te tydrowend. Met hierdie kernprobleem hou ek my al die afgelope tien jaar besig. Ek kan egter nou die trotse aankondiging maak dat dit my geluk het om 'n oplossing te vind. Dit het my geluk om die lewensduur van die mens tot 'n minimum te reduseer. Sodra ek my „elke man se prys" vasgestel het, sal die pille op die mark verskyn. My resultaat is dus: ook die lewe in 'n gekonsentreerde vorm kan vir elkeen 'n werklikheid word. Van die wieg tot in die graf binne 'n oogwenk. Gebore, opgegroei, oud geword, dood — hele tydskedule omtrent solank soos een aand in die fliek. Dink tog net aan die geweldige tydswins! Uit die donkerde na die donkerde. Waarborg: die helderwees sal nie lank wees nie, net 'n tydelike oorgangstadium."

Hier het professor I. K. Donkey geëindig. En hy het geweet waarvan hy gepraat het. Hy is kort hierna oorlede. Hy was naamlik sy eerste proefkonyn.

Net terloops: die pille kan nie op betaling gekoop word nie. Net kontant (sien laaste Matie). Waarborg: dood voordat afbetaling klaar is.

Is u al dood? Beheer die tyd u of u die tyd?

G.T.

UIT DIE KUNS- POSBUS

'n Uitstalling van skilderye kan by Edrich besigtig word van 4-14 April. Die versameling behoort aan mnr. Neville Lewis wat op Stellenbosch woonagtig is. Mnr. Lewis het al oral die hele wêreld getoer en oral geskilder. O.a. is daar in sy versameling portrette van Generaal Smuts, Sir Winston Churchill, die Koning van Spanje en veldmaarskalk Montgomery. Gedurende die tweede wêreldoorlog was Neville Lewis die offisiële oorlogskunstenaar van Suid-Afrika. O.a. het hy ook al die oorlogseels ontwerp.

Onder sy nuwe skilderye wat vertoon sal word sal die van outbaas A. F. Markotter wees. Neville Lewis word onder die land se beste skilders gereken en 'n besoek aan sy uitstalling sal u beslis lonend vind.


Die welbekende boek van F. A. Venter „Man van Ciréne" is in 'n toneelstuk omgeskep deur Anna

Cloete, James Norval se toneelgeselskap bied dit aan. Op 8 April sal daar 'n opvoering in die Paarl wees. Angeseen James Norval bekendheid verwerf het met sy aanbidding van „Satansminnaar" hoop ons om iets besonderders te kan verwag.

Vir hulle wat deesdae 'n bietjie tyd het om stad toe te gaan, wil ek die prent „Tosca" baie sterk aanbeveel. Uit die kritiek in die koerante kan 'n mens aflei dat hierdie verfilming van een van Puccini se grootste operas die moeite werd is om te sien. Dit word in die Broadway vertoon.

Terwyl u dan in die stad is, vergeet dan nie om vroegtydig genoeg te bespreek vir die „Royal Ballet" se uitvoerings in die Alhambra. Die eerste uitvoering sal op die 14de April wees. Jammer dat daar geen spesiale toegangsprijs vir studente sal wees nie. Hierdie gebruik van goetkoop toegangskaartjies wat by soortgelyke uitvoerings oorsê gehandhaaf word, kan gerus ook by ons in Suid-Afrika toegepas word.

ONS KUNSFOTO



(Foto: I. RUST)

DIE MENS IN TRANSFORMASIE

DIE jong Afrikaanse romanskrywer, Etienne Leroux, besoek Stellenbosch eersdaags om op uitnodiging van die Afrikaanse Studiekring 'n lesing oor sy eie werk te lewer. Dit is daarom gepas om sy werk aan die studente-gemeenskap voor te stel, al kan daar in so 'n kort artikel nie intensief op ingegaan word nie.

Etienne Leroux het tot dusver drie romans gepubliseer: Die eerste lewe van Colet (1956), Hilaria (1958), en Die Mugu (1959). Wat veral baie eienaardig is, is dat letterkundiges dit glad nie eens is oor die waarde van sy werk nie. Ons vind meestal aanselende resensies, besprekings wat gewoonlik 'n oorsig van die inhoud gee en dit dan met een of twee styl-opmerkings daar laat. Ander kritici, soos by. Antonissen en Erlank, slaan sy werk hoog aan; sommige, weer, is baie negatief. Wat ookal die waarde van sy werk is, een feit staan vas: Etienne Leroux se prosa is belangrik genoeg om ons belangstelling te geniet. Juis die feit dat daar reaksie op sy werk is, bewys sy belangrikheid.

Die rede vir die uiteenlopende reaksies op sy werk is miskien daaraan toe te skryf dat sy werk nie goed verstaan word nie. Ek goet nie daar was al ooit 'n prosa-skrywer in Afrikaans wie se werk soseer die prooi was van 'n swak begrip as juis dié van Leroux nie. Die rede hiervoor is die nuutheid van sy verskyning. Die Afrikaanse prosa in die verlede is deur en deur burgerlik van aard: dit beweeg slegs op 'n horisontale vlak. Dit is in staat om heelwat ervaring te absorbeer, maar daardie ervaring is nie verdiep of verinnerlik nie. Die vertikale vlak, soos ons dit in die poësie aantref, ontbreek. Miskien kan 'n mens dit ook so stel: die Afrikaanse prosa beweeg te veel op 'n objektief-epiese vlak en te min op 'n subjektief-dramatiese vlak. Etienne Leroux se werk beweeg in teenstelling daarmee meer vertikaal as horisontaal. Die eerste lewe van Colet (1) bevat nie veel „verhaal" nie. Die handeling vind meestal in die binnelewe van die karakters plaas. Daarom ook dat ons nie 'n duidelike karaktertekening by hom kry nie. Die karakters, die situasietekening, die gebeure word alles ingespan om 'n toestand aan ons voor te stel. Die konfrontasie met hierdie toestand waardeur Leroux sy lesers aangryp en deurding tot hulle diepste onderlae, omdat dit ook hulle toestand is wat hy uitbeeld, is die groot waarde van sy werk.

Die (nie-literêre) beswaar teen sy werk as sou dit handel oor sekspersersiteit en eendsterte,

slae soos branders... (p. 9). Die teenstelling is dus tussen orde en chaos; vorm en beplanning teenoor innerlike vryheid; beskaving teenoor disintegrasie. In „Hilaria" word die geordende gemeenskap geel deur Julius Johnson, die vervaardiger van plastiekblindings en die belangrikste eksponent van die geordende Nuwe Lewe. Die hele roman handel oor die voorbereidings vir 'n optog om die plastiekblindings te adverteer. As hierdie optog eendelik in die laaste hoofstuk plaasvind, oordeers die uitbundigheid die geordenheid. Die geordenheid is 'n valse behuising vir die mens, en vernietig die uitbundigheid van die Nuwe Lewe.

In „Die Mugu" word die geordenheid verder teenoor die „aardse uitbundigheid" gestel. Die Mugu (eendstertwoord vir „Square") is die mens wat ordelik, tradisioneel, binne die maatskaplike patroon lewe. Daarteenoor staan die eendstert wat alle orde vernietig. So word beide mugu en eendstert eensaam. „Die mugu het geen kommunikasie — geen taal waarmee hy tot hulle kan deurding nie en geen norm wat hulle begryp nie. Hy is alleen soos hulle alleen is; twee lewensvorme op verskillende vlakke: hy die lid van 'n beskawing wat tot niet gaan, hulle die wandelende, dansende finale ontbinding, die ekstotiese fynproewe terwyl die simbole disintegreer — die ekstotiese hipsters

(Vervolg op bladsy 5 kol. 3)

GRUNDIG

BANDOPNEMER

ons is alleen agente vir
Stellenbosch

W. HEUER
SANLAMGEBOU
STELLENBOSCH, TEL. 1684

VIR ALLE BOEKE.
IN ALLE TALE
VIR LANGSPEELPLATE
VIR ELKE STUDENT

DIE BOEKHUIS
Meulstraat 14 Stellenbosch

JAN BOUWS AANGESTEL

DIE aankoms van mnr. Jan Bouws, en sy aanstelling as dosent aan die Konserwatorium is 'n gebeurtenis wat nog groot invloed op ons musieklewe hier en in ons hele land gaan hê.

Mnr. Bouws is 'n deskundige op die gebied van volksmusiek en het 'n besondere belangstelling in die Suid-Afrikaanse volksmusiek. Daarom het hy, afgesien van sy aanstelling as dosent in vormleer en musiekgeskiedenis, ook veral die verdere opdrag om die Instituut vir Afrikaanse volksmusiek nou hier te sentraliseer. Daar is reeds 'n versameling, opgeteken deur o.a. mev. Jo Fourie, dr. G. C. Cilliers en mnr. Willem van Warmelo, waarby die F.A.K. en die S.A.U.K. baie gehelp het. Hierdie moet egter nou almal gekatalogiseer word, en noukeurig nagegaan word of hulle werklik Afrikaanse volksliedjies is. Hulle oorspronklike bronne moet teruggevind word; en as hulle soos bv. „Sarie Marais“, van 'n Amerikaanse volksliedjie ontleen is, moet nagegaan word hoe hulle ontwikkel en verander het tot die hulle nou, ten spyte daarvan dat hulle nie hul oorsprong op Afrikaanse bodem gehad het nie, tog as tipiese Afrikaanse volksliedjies beskou kan word. Aan sulke veranderinge kan 'n mens natuurlik ook sien wat tipies is van ons eie volksliedjies. Die studie van so 'n ontwikkeling is baie interessant, maar dit neem natuurlik baie tyd om al die moontlike vroeë vorms en variante van die liedjies oor die hele land op te spoor. Mnr. Bouws het darem 'n eie kantoor by die Konserwatorium, en ook heelwat tyd op sy rooster vry, om hom in staat te stel om hierdie belangrike werk vir ons volk se kultuur te doen.

AFRIKAANSE VOLKSLEIDJES

Mnr. Bouws sê dat die meeste van die Afrikaanse volksliedjies in die tyd van die Eerste Taalbeweging ontstaan het, toe Afrikaanse woorde op ander bekende wysies gemaak is, en die woorde en hele betekenis van die liedjies dan geleidelik verander om by die Afrikaanse lewenswyse aan



te pas; en dikwels is die wysie ook ietwat gewysig sodat Afrikaanse woorde makliker daarop sou pas. Dit is ook interessant om te sien hoe die liederwysies verander het van hulle oorspronklike vorm, tot die hulle tipies Afrikaans geword het. Voorbeelde hiervan is die „Magaliesbergse Aandlied“ en Gesang 107 wat die Universiteitskoor soms sing.

Mnr. Bouws stel ook belang in die Kleurlingmusiek en voorbeelde van volksliedjies wat ons daar vind, soos „O, Brandewyn, laat my staan“. Ook stel hy baie belang in Boeremusiek as aspek van ons volksmusiek. Al is 'n Boeremusiek nie musikaal so mooi as bv. 'n Chopinwals nie, is dit kultuurhistories van baie groot belang, en mnr. Bouws wil die snobisme teenoor ons eie wat in ons land gevind word, bestry.

F.A.K.

Deur die nuwe volksliedjies wat hy vind, wil mnr. Bouws ook graag sorg dat die F.A.K.-sang-bundel meer verteenwoordigend van tipiese Afrikaanse volksmusiek sal wees, as wat dit in die verlede was.

HET U GEWEET?

U en die Boek

DUISENDE jare gelede en hiermee bedoel ek die duisende jare voor die ontwikkeling van die Sjinese skrif het die mens sy gevoelens in rotskenging geuit. Die runeskrif, die keilskrif en die hieroglye het nog later gekom en dit was al heeltemal 'n skrif wat gebaseer was op grammatika. Die voorreg egter om dit te kan skryf, was net aan die elite — in die meeste gevalle aan die priesters — voorbehou.

Die gewone mens het sprokies en legendes van mond tot mond en van geslag tot geslag oortel. Tot nou toe is daar nog volkere wat nie kan lees of skryf nie wat nou nog hulle kennis put uit oorlewings.

Het u al daaroor nagedink hoeveel tradisie daar in die Sjinese skrif, in die Sanskrit en in die Arabiese skrif is? Hoeveel merkwagdigheid sit daar nie in die manier waarop die Oegarite hulle liefde en haat in hulle skrif met al sy bogies en strepies uitgedruk het nie?

GELEERDES

As 'n mens bedink hoedat geleerdes — in die meeste gevalle monnikke — in die voormiddel-eue jarelank aan hulle lettertjies geskryf het tot dat die geheel 'n boek gevorm het, dan kan ons nie dankbaar genoeg wees nie vir die groot geskenk van Gutenberg nie. Hy het naamlik in 1454 die drukpers uitgevind. Die drukpers het dit moontlik gemaak om die kennis in boekvorm in die bereik van begaafdes en belangstellendes te bring.

In die eerste helfte van die 16de eeu het die boek in Wes-Europa 'n massaproduk geword en in die 19de eeu het daar 'n

tegniese rewolusie in die drukpers gekom met die uitvinding van die snelpers en die rotasiepers wat die druk van koerante moontlik gemaak het.

In die begin van die 19de eeu het die „offset“ toestand gekom terwyl die diepdruk tot 'n groot volmaaktheid ontwikkel het wat dit moontlik gemaak het om kunswerke grafies te kan druk. Nieteenstaande die drukpers slegs enkele eue in Wes-Europa bekend is — blokketterdruk in Sjina reeds in die 7de eeu en los letterdruk in die 11de eeu —, kan ons ons lewe nie meer voorstel sonder die boek nie. Vanaf 'n roman vir ontspanning tot die mees tegniese ingewikkelde onderwerp put ons vandag genot en kennis uit die boek.

Om nou nie die woord kultuur te gebruik nie kan ek net sê die boek is 'n bydrae tot alles in ons bestaan. Wat sal van u en van my word sonder 'n boek en afgesien van die feit dat 'n mens die boek nodig het om daaruit te studeer en dan ook in die lewende bereik, lees ons ook 'n boek om te ontspan en dit te geniet.

Sê maar gerus sonder musiek en boeke ontbreek daar iets, want sonder dit sou ons vandag nie meer klaar kon kom nie.

C. de R.

Mnr. Bouws het, terwyl hy nog in Holland onderwyser was ook besonder baie gedoen vir ons kultuur en dit veral om die mense in Europa bewus te maak daarvan dat ons Afrikaanse kultuur nie so swak is soos hulle in hulle onkunde dink nie. Hy het 'n besondere liefde vir ons land en het dikwels vir ons as kampvegter optree. So het hy toe Hilton Edwards voor die Royal Academy of Music verklaar dat ons geen eie volksliedjies het nie, in die openbaar mnr. Edwards se opinie beveg.


KONSERTE

Ook het hy konserte in Holland gereël waar ons kunsmusiek aan die Hollandse publiek bekend-gestel is en hulle was almal veras oor die standaard van Suid-Afrikaanse komposisies. Hy het ook Suid-Afrikaanse kunstenaars wat oorsig opgetree het, probeer beweg om minstens een werk van 'n Suid-Afrikaanse komponis in hulle konserte in te sluit.

Mnr. Bouws het ook verskeie tekste van Afrikaanse gedigte na Nederlandse komponiste gestuur en hulle gevra om die te toonset. So het hy ook verskeie bundels met pragtige komposisies van o.m. dr. Mengelenberg, Henk Badings en Floor Peters gekry, waardeur hy ook ons Afrikaanse kultuurskat verryk het.

DIE MATIE wil meneer en mevrou Bouws van harte gelukwens met die nuwe werking. Wees welkom in ons midde en wees tuis by ons in Matieland.

VANAAND 8 nm. IN DIE STADSAL



MENS IN TRANSFORMASIE

(vervolg van bladsy 4 kol. 5)

Wat in die lugleegte binne die gemeenskap, die horisone alom tot oorlopens toe geul, al die grense bereik“ (p. 48). Die orde word weer voorgestel deur Julius Johnson, en die chaos deur Juliana Doepels. Tussen die twee is geen „kommunikasie“ moontlik nie, omdat die mens deur sy orde sowel as deur sy chaos ontrou is aan die lewende mite. „Daar is net één wyse waarop die mite vernietig kan word: die finale antitesis van mite — 'n onver-

HERINNERINGE is iets wat oor die algemeen skaars is in Afrikaans. Selfs ons voorste manne skryf nie gereeld hul herinneringe nie, om van die ander mense wat nou wel nie so 'n belangrike openbare loopbaan gehad het nie maar nogtans wonderlike dinge beleef het, nie eens te praat nie. 'n Aangenome uitsondering hier is prof. A. C. Cilliers, wie se herinneringe, Die Silwer Soom, by Nasionale Boekhandel verskyn het. Prof. A. C. Cilliers is oor die hele land bekend. Hy stel in alles belang en het met verloop van jare tallose artikels, pamflette, ens. geskryf. In Die Silwer Soom skryf prof. Cilliers oor die dinge wat in sy lewe 'n groot rol gespeel het: die dinge wat vir hom belangrik was, die silwer soom van sy lewe. Sy vier groot liefdes is gholf, hengel, jag en... die liefde. Hierdie liefhebberie vorm die draad van die verhaal wat van sy kinderjare tot vandag strek. En is dit goed geskryf! Ek het lank laas 'n boek met soveel plezier, loutere plezier, gelees. Die boeke wat ons moet hê! Nie aanstellerige en kamma-ingewikkelde boeke oor diaspinnige vrae wat gewoonlik swak geskryf is nie, maar boeke soos dié, wat van volmaakte taalbeheer getuig. By prof. Cilliers is Afrikaans 'n heerlike taal, iets wat somer loop en bruis — en hy skryf hom in sy beste vorm: soos die beste en natuurlikste gebruikers van ons taal dit praat. Nee, werklik. Die Silwer Soom is bobaasboek wat ek by een en almal aanbeveel. Dit kos 18/6.

OU BEKENDE

In J. L. van Schaik se Librereks het nog 'n ou bekende verskyn: Jock van die Bosveld. Ja, dit is sir Percy Fitzpatrick se beroemde, klassieke boek oor die

bondjie, wat in Afrikaans vertaal is deur prof. B. Taute, hersien deur dr. J. Kromhout. Oor hierdie boek hoef ek nie uit te wêl nie. Dié van u wat dit reeds in Engels gelees het, sal dit seker ook graag in u eie taal wil lees, en dié wat dit nog nie gelees het nie, se genot wil ek nie bederf deur te veel te sê nie. Wat kan 'n mens trouens oor hierdie boek sê? — net dit: 'n boek word nie om dowe neutse 'n klassieke werk wat jare en jare bly voortbestaan nie. Dit gebeur alleen as die boek vir homself 'n plek in die harte van sy lesers verwerf het, en om dit te kan doen, moet hy van 'n sekere gehalte wees. Dit is Jock van die Bosveld, en om dié rede is dit u plig om dit self te lees. Dit kos 11/6.

oorlogsverhaal.

Ek het dit altyd baie jammer gevind dat ons in Afrikaans byna geen enkele oorlogsverhaal het nie. In sekere sin is dit verstaanbaar, want albei die groot oorloë van hierdie eeu het in ons land interne spanninge veroorsaak. Tog is dit jammer dat dié vrugbare terrein omtrent nie aangegroen is nie. Die Koreaanse oorlog het egter geen spanninge van die aard veroorsaak nie, en dis eintlik verbaasend dat die eerste boek oor dié oorlog (sover ek weet) pas eers verskyn het: Kobra-leier, deur Mauritz H. O. Pretorius. Dis uitgegee deur die Afrikaanse Pers-Boekhandel en kos 12/6. Dit is duidelik dat Pretorius weet waarvan hy praat. Ek vernem hy was self 'n veldloos in Korea, en die agtergrond van sy verhaal is dus nie uit boeke opgedoen nie. Hy het dit self deurgeleef — en dis belangrik. Pretorius het 'n boelende, spanningsvolle jeugverhaal geskryf, iets wat die verbeelding van ons seuns en dogters sal aangryp — en as tema is dit iets heeltemal nuuts vir Afrikaans. Ek kan maar net hoop dat daar meer dergelike verhale van dié skrywer sal verskyn. Vliegverhale is mos altyd gewild — of hoe?

VIR FYNPROEWER

Vir die fynproewer — en dié onder ons wat hou van die gekleurde, aardse Afrikaans soos deur ons Kleurlinge gepraat — is Ghaap en Kambro die aangewese boek. Die skrywer? Niemand minder nie as die nimlike Boerneef. As u Krokos, die vorige versameling van hierdie soort verse, gelees en geniet het, hoef ek niks meer te sê nie. Ghaap en Kambro is vir my soos 'n lekker suidooster wat met één vlaag muurwe agterbuurtes van ons taal skoonwaal. So op die oog af lyk die taalvorm miskien vreemd, maar lees net 'n keer hard, en u sal dadelik verstaan. Dis gedigte dié, maar gedigte van die aarde, van 'n deel van ons bevolking wat Afrikaans gepraat het en gehandhaaf het in die dae toe ons self daarop neergesien het as 'n kombuistaal. Dis vir my gevoel die oervorm van ons taal, so basies en eg soos min. Bale mooi uitgegee — prys 12/6.

KOOS ROUX.

STUDENTE

open 'n
SPAARBANKREKENING
by
SAAMBOU-
BOUVERENIGING
3½% rente — daaglikse balans
U KAN GELD TREK
WANNEER U WIL
Regoor Universiteits-
uitgevers
A. C. Visser,
SANLAM-GEBOU
Stellenbosch.

FOYLES

BOEKHANDEL

Alle Studente-leerboeke in Voorraad.

Groot versameling van Amerikaanse en Engelse slappand-boeke vir wetenskap en ontspanning.

Meulstraat 17 STELENBOSCH

J. C. KANNEMEYER.

COLIN LOCKLEY EN KIE

Spesialiteite in Vergrotings,

Kleur- en alle Buitefotografie.

Pleinstraat

STELLENBOSCH